Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Qahhaar

Allesoorheersende

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat Sy skepping innerlik en uiterlik met Sy onweerstaanbare krag oorheers. Niks kan van Hom ontstnap nie.

Hy seëvier oor Sy hele skepping, en oorkom alle struikelblokke. Hy is ten volle in beheer en alles en almal is aan Hom onderdanig.

Enkele Versverwysing:

Koran 13:16 “Mohammed, vra vir hulle: “Wie is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemel en die aarde?” waarop jy dan antwoord: “Allah is.” Vra dan weer vir hulle: “Beskou julle dan ander wat geen mag besit om eers aan hulleself enige voordeel of skade te berokken nie, as julle beskermers?” Vra verder vir hulle: “Is 'n blinde persoon en een wat kan sien mekaar se gelyke, of is die verskillende variasies van donker en lig dieselfde?” Of het hulle vennote vir Allah gemaak wat geskape het soos wat Hy geskape het, en waarvan die skepping vir hulle dieselfde lyk? Sê vir hulle: “Allah is die Skepper van alles, en Hy is die Een, die Allesoorheersende.”

Koran 14:47,48 “So, moenie dink dat Allah iets anders sal doen as wat Hy Sy boodskappers belowe het nie. Waarlik, Allah is Magtig, en die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Vergelding, op daardie dag, wanneer hierdie aarde verander gaan word in 'n ander aarde, en die hemelruimtes ook. En hulle sal almal voor Allah verskyn, die Enige, die Allesoorheersende.”

Koran 38:65; 39:4; 40:16